# Kyk ver en diep in die Groot-Karoo


**Om 'n sirkelroete van 103 km binne vier dae in die Groot-Karoo te stap, beteken jou voete moet hou, jou kop moet reg ingestel wees, maar bo alles moet jy stiltes kan waardeer, het Heleen Coertze uitgevind.**



**'n Verposing om stil te word. Op dié sirkelroete van 103 km in die Groot-Karoo moet jy leer om die stilte te waardeer.** Foto's: HELEEN COERTZE



**Die Groot-Karoo se wydheid.**



**Middagete onder 'n doringboom.**

Hier dwing die stilte van die diepnag en die karige nalenteveld bedags elke stapper om hul eie binne-stiltes telkens op te soek.

Dis middel September en die Swartberge lê spierwit agter ons. Ons voel opgewonde en effens senuweeagtig toe ons net buite Beaufort-Wes wegdraai op die Fraserburg-grondpad. Plaasname soos Boesmanskop, Losberg, Blaauwkrans en Heuningland flits verby. Die ander 18 stappers is reeds op die kampeerterrein op die plaas Rietfontein, 65 km wes van Beaufort-Wes, waar Douwe en Liezl Vlok ons behoorlik met Karoo-gasvryheid en ope arms verwelkom. Heuningland, die Vloks se eie stukkie hemel op aarde, lê 'n entjie terug en grens aan die suidwestelike kant van die Karoo Nasionale Park.

Liezl verduidelik die reëls van die Karoo-staptog die eerste aand by die kampvuur. Douw, soos in die opeenvolgende aande, gee noodsaaklike inligting oor die fyner detail van die staproete en beantwoord die vrae vroeggegend, elke oggend. Om 06:15 tot 06:45 is daar ontbyt van jogurt, graankosse, vrugte en sap. Dan maak en pak elke stapper ook verwoed sy kospakkie vir die dag. Meestal is daar brood, koue vleis van die vorige aand se braai, sap en die allerheerlikste energie-dadelbommetjies.

Ons groep is heerlik divers, kom van noord en suid en verteenwoordig van die polisiediens tot medici. Die Vloks deel hul kennis en liefde vir hierdie stukkie oer-aarde onbevange en milddadig. Dis die sewende keer dat hulle dié Heuningland-Karoo-staptog aanbied en hulle weet duidelik wat die prioriteite vir 'n stapper is. 'n Pietfluit-ketel vir warm water en kos met varsgebakte brood wag saans by die kampvuur op jou.

Daar is selfs spesiale toilet- en storttente met die allermooiste uitsigte op die kampplekke wanneer jy ná 'n lang dag se stap opdaag. Voorts word jou slaapgoed en klere elke dag na die volgende kampplek vervoer, maar die toets is steeds of jou voete die lang afstand sal uithou.

Ons pak die eerste dag 'n allemintige 27,5 km vanaf die Welgemoed-kamp tot in die mooie Oukloof-oornagkampplek met ywer aan. Ná 5 km sien ons die Welgemoed-skooltjie, tap vars water en waai vir die kleuters. Hulle begroet ons met 'n gepaste "Hou bene, hou!".

Ons stap deur 'n amperse surrealistiese soetdoringwoud, kaalgestroopte takke met lang steekdorings met net hier en daar 'n terloopse groenigheid wat deurbreek. Jy stap heeltyd langs en oor die bolope van die Koekemoersrivier en kom ná 18,5 km by 'n T-aansluiting, windpomp en sementdam aan.

Hier, dig teenaan die Oukloofpaspad, tussen Beaufort-Wes en Fraserburg, lawe ons dapper stappers op 'n Donderdagoggend ons voete in die yskoue water van 'n sementplaasdam. Teen dié tyd het die sagtheid van die Karoo in ons begin nesmaak.

Die Oukloofpas kronkel 9 km deur, langs en saam met die Koekemoersrivier se breë rivierlope tot in die Nuweveld.

Die pas, 1 536 m bo seespieël, is uitdagend, maar sorg vir lieflike visuele verrassings. Groot, blink-gladde toffiekleurige rotsformasies fluister saggies iets van die oergebeure toe massas water miljoene jare gelede deur die einste pas gedolwe het.

Die antieke landskap dwing jou subtiel om soms te stop, om om jou en op te kyk en die stille grootsheid van die oeroue landskap rondom jou te waardeer.

Wit dassie-blertse teen die donker rotse, diep erdvarkgate en diepgeel bitoublommetjies sorg vir verskeidenheid op die gruispad-palet.

> **"Die antieke landskap dwing jou subtiel om soms te stop, om om jou en op te kyk en die stille grootsheid van die antieke landskap rondom jou te waardeer.**

Skielik, ná 27,5 km en nog 'n draai, sien jy 'n tent en die res van die stappers. Met 'n yskoue verrassing uit haar *coolbox* wag Liezl ons in, waarna die langpad en seer voete vergete is.

Ons wikkel vroegoggend vir dag 2 se 26 km van Oukloof tot Tweefontein. Ons beur die orige 5 km van die Oukloofpas uit en begryp wat Douwe die vorige aand van die veranderende landskap van die Nuweveld gesê het. "Jy kyk ver en diep na die oop vlaktes van die Groot-Karoo en sien oënskynlik nie veel nie, maar gaan sit op 'n klip en voel hoe die aarde kliphard met jou praat."

Die Nuweveldberge is geologies deel van die Karoo-Supergroep en die vistas lê eindeloos voor ons. Ons sien merinoskape wat in die goue oggendlig wei, wit kaal populiere met uitgestrekte stamme asof in gebed, kapokbos, donsig oorgetrek vir matrasgoed en heldergeel en pers vygies wat moedig standpunt teen die elemente inneem.

"Stap," merk een van die stappers op een van die lang, reguit sessies op, "is 'n gelykmaker soos min. Dan stel niemand belang in wat jy ry, wat jy kry en waar jy bly nie." Ná dié diep filosofiese opmerking gesels almal goedig saam oor Sylvester, die ikoniese leeumannetjie.

Ons neem foto's op die sementbruggie waaroor die ou grote geloop het tydens sy tweede ontsnappingspoging in Maart 2016. Langs ons sweef twee rooiborsjakkalsvoëls, wat genadiglik vergiftiging vrygespring het.

Ons kom veels te gou by die Tweefontein/Koppieskraal-afdraai. Op Koppieskraal aangekom, nooi die wilgerbome met hul varsgroen blare jou om net daar tent op te slaan.

Later, teen skemertyd, luister jy na die lammertjies wat roep en die veld verander mettertyd in 'n Pierneef-waterverf.

Die kampvuur brand reeds hoog, en vanaand lok gebraaide skaaptjoppies, varsgebakte vetkoek en ingemaakte druiwekonfyt jou nader.

Later, rondom middernag, luister ek na die naggeluide. 'n Eensame jakkals tjank na die maan en ek beur buitentoe, waar Venus, Jupiter, Mars en Saturnus steeds op 'n streep knipoog.

Dag 3, van Tweefontein tot Kareebos, is slegs 22,5 km en ons besluit vroegdag om nie te jaag nie. Ons stap verby lieflike populiere en in 'n onverwagse spieëlgladde plaasdam weerkaats die omliggende koppies. Ons verkyk ons in die familiebegraafplaas aan die opgeboude grafte met die Hooghollandse grafskrifte.

Ná 7,5 km sien jy die soutbosheinings van Nigel en Mary Peddie se huis uit die 1840's. Oor koffie, beskuit en Engelse tee vertel hy iets van hulle vorige lewens, hoe vlak die boorgatwater op sy plaas Koppieskraal is en vertel trots van sy meatmasterskape en nguni-beeste.

Ná Koppieskraal se gasvryheid daal ons af in die bolope van die Leeurivier waar die terrein meer bergagtig is. 'n Witkruisarend, boodskappers van die voorvaders, swiep sierlik doer bo ons koppe.

By die Kareebos-opstal soek almal kampeerplek in die rivierbedding. Douwe wink ons laatkommers met 'n koppie koffie nader.

Dag 4, van Kareebos tot die Welgemoed-kamp, is 'n stywe 28,2 km. Ons besluit reeds die vorige aand om die spreekwoordelike ekstra myl te stap om na 'n outentieke Karoo-korbeelhuisie te gaan kyk.

Oorblyfsels van hierdie puntagtige kliphuisies van die trekboere uit die vorige eeu is skaars en kom slegs hier en daar in die Karoo voor. Ons stap ook lang ente langs die hoë wildheining van die Karoo Nasionale Park. Die dapperes stap die ekstra 1,3 km en terug om te kyk waar Sylvester twee keer ontsnap het.

Vandag se pad is uitdagend, maar met verreweg die mooiste vergesigte. Ná 17 km kom jy oor 'n stuitige bultjie en kan die Swartberge sien. Die laaste 10 km terug na die Welgemoed-kamp, beskawing toe, drink jy die laaste bietjie van die wye stilte suinig-gulsig in.

Met die terugrit laatmiddag, N1 se kant toe, neurie ons saggies saam met die Radio Kalahari Orkes se manne waar hulle sing van die lekker, lekker lewe in Melk-en-heuningland, "waar my sondes nou vergewe en my veglus uitgebrand is, oe… Heuningland."

## Om te weet

- Jy moet beslis stapfiks wees om die roete te stap.
- Hoewel jou klere en tent na die verskillende kampplekke vervoer word en jy net 'n klein rugsakkie vir drinkgoed en peuselgoed saamdra, is dit allesbehalwe 'n slenterstap.
- Sorg vir die regte stapskoene. Stap eerder met trail runner-tekkies as opregte hiking boots.
- Kontak Liezl Vlok by 072 243 5251 | info@heuningland.com | www.heuningland.com vir 'n Karoo-stapervaring soos min.